**Die werk van die Heilige Gees**

**Joh 16:4b-15**

**28 Desember 2025**

1. Vantevore: Die wêreld sal die dissipels haat, want hulle het die Here Jesus gehaat, en 'n slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. Die dissipels is nie meer deel van die wêreld nie, maar behoort aan die Here Jesus, en verlustig hulle in Sy woorde en werke. Die Heilige Gees sal die dissipels help teen die wêreld, deur hulle te herinner aan en onderrig in die woorde van die Here Jesus. Hulle moet saam met die Heilige Gees getuig teenoor die wêreld.
2. Die Here Jesus het dit nie alles vantevore verduidelik nie – want Hy was by die dissipels (v4b)
3. Hy kritiseer die dissipels oor hulle nie vra: "Waarheen gaan U?" nie (v5)
    a. Maar Petrus en Thomas het dit gevra? – Joh 13:36, 14:5
    b. Hulle vraag was gedring deur hulle droefheid, nie om te leer waarheen die Here Jesus gaan nie (v6)
4. Die Here Jesus wil dat hulle verstaan Sy weggaan hou vir hulle voordeel in: Dan kan die Heilige Gees kom (v7)
    a. Die Here Jesus moet eers geregtigheid bewerk (wat insluit dat Hy moet weggaan), voor die Heilige Gees kan kom om hieroor te getuig (vgl Eseg 36:24-27)
    b. Wanneer die Heilige Gees gaan kom, het Hy drie rolle om te vervul:
5. Die Heilige Gees sal die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh 16:8-11)
    a. Struktuur: V8 is die samevatting, v9-11 bevat die detail van die Gees se werk
    b. "Wêreld" = sondegevalle mensdom
    c. "Oortuig" = wêreld se harte ontbloot, hulle óf oortuig, óf veroordeel
    d. "Sonde" (v9): Sonde van die wêreld is hulle glo nie in die Here Jesus nie
    e. "Geregtigheid" (v10): Die wêreld is in hulle eie oë selfgeregverdig, hulle begryp niks van die Here Jesus se regverdiging nie
    f. "Oordeel" (v11): Die wêreld verstaan ook nie dat hulle aanvoerder reeds veroordeel is nie
6. Die Heilige Gees sal die dissipels in die volle waarheid lei (Joh 16:12-13)
    a. Die Here Jesus kon nie alles aan die dissipels leer nie – te oorweldigend vir hulle (v12)
    b. Die Heilige Gees sal hulle herinner en onderrig in alles wat die Here Jesus wel gesê het (Joh 14:26)
    c. Die Heilige Gees sal die dissipels ook in dit lei wat die Here Jesus nie nou kon sê nie (v13):
        i. In die volle waarheid – die Here Jesus is die waarheid, dit is die weg om by die Vader uit te kom (Joh 14:6)
        ii. In die toekomstige dinge – ook die dinge van die volgende paar dae (kruisiging, sterwe, opstanding, hemelvaart), tot aan die einde van die tyd (wederkoms)
7. Die Heilige Gees sal die Here Jesus verheerlik (Joh 16:14-15)
    a. Heilige Gees sal wat Hy van die Here Jesus ontvang, aan dissipels bekend maak (v14) – die Heilige Gees en die Here Jesus is belyn
    b. Die Here Jesus en die Vader is ook belyn (v15, Joh 14:10-11)
    c. Die Heilige Gees sal die Here Jesus verheerlik – daar is iets unieks aan die Here Jesus (v14):
        i. Jesus is die waarheid; Heilige Gees is die Gees van die waarheid
        ii. Jesus is die Woord (Joh 1:1); Heilige Gees getuig oor die Here Jesus se woorde
    d. Uniekheid van die Seun:
        i. Maak die heerlikheid van die Vader bekend, beeld van onsigbare God, God woon met Sy volle wese in Hom, Hy is die uitstraling van God se heerlikheid (Joh 1:14, 1:18, Kol 1:15, 1:19, 2:9, Heb 1:3)
        ii. Die Drie-Enige God openbaar Hom aan ons juis deur die Here Jesus – ons durf Hom nie onderwaardeer nie, moet elke geleentheid gebruik om Hom beter te leer ken.